



GEES VAN DIE EEUFEEES LEEF VOORT IN O.B.

Op 8 Augustus 1950 herdenk die Ossewabrandwag sy twaalfde verjaardag. Die beweging is gebore in 1938 — die Wonderjaar — toe saam met die wile van die ossewaens van die simboliese trek 'n golf van republikanisme oor Suid-Afrika gerol het.

In daardie jaar het die Afrikaners mekaar gevind rondom die Ossewaens — in die stede en op die platteland. Met tipiese eenvoud en smaaklikheid het hulle saam koffie gedrink en wors gebraai en met kinderlike piëteit het hulle geluister na hartstogtelike toesprake oor die heroïse verlede van ons volk.

LIEFLIKE GEES

Die idilliese tonele rondom die ossewaens en die onbevange beleving van die verlede het 'n lieflike gees onder die Afrikaners vaardig laat word — 'n gees wat aan 1938 die benaming Wonderjaar gegee het.

Met die vertrek van die waens het 'n innige verlange by die agterblywende Afrikaners posgevat en 'n heimwee het ontstaan na die gelukkige volkslewe wat hulle rondom die waens vir 'n kortstondige oomblik beleef het.

Onder hierdie omstandighede is dit verstaanbaar dat die volgende stap die skepping was van 'n organisasie om die gewaarwording van die Wonderjaar op te vang en gestalte daaraan te gee.

So is die Ossewabrandwag gebore.

VIND MEKAAR

Hy is gebore as die Volksbeweging van die Afrikaner-

Bou Nou Eie Verouderde Atoomfabriek

Brittanje skyn nou pogings aan te wend om sy eie atoomwapens te vervaardig. Volgens 'n berig uit Londen is die regering voornemens om 'n fabriek ter waarde van £10 miljoen op te rig vir die vervaardiging van Uraan 235 — 'n plofmengsel wat vir atoombomme gebruik word. Die uraanerts wat vir die doel gebruik sal word, is uit die Belgiese Kongo afkomstig en is voorheen deur Brittanje aan die Verenigde State belowe op voorwaarde dat Amerika dan die geheim van hoe om die kragtige plofstof, plutonium, te berei, aan die Britte sou meedeel.

Die ontdekking dat Klaus Fuchs, die Britse atoomdeskundige, 'n Russiese spioen was, het die transaksie laat skipbreuk ly, daar die Amerikaners nie meer bereid was om die Britte met atoomgeheime te vertrou nie.

Uraan 235 is baie moeiliker en duurder om te vervaardig as plutonium, maar aangesien die Britte weet hoe om dit te berei, sal hulle nou daarmee voortgaan om hul eie atoomwapens te vervaardig.

volk. Net soos die ossewaens in 1938 die instrument was waardeur Afrikaners mekaar vir 'n oomblik gevind het, net so is die Ossewabrandwag die groot en permanente vindmekaar van die Afrikaner-volk.

Die gees wat rondom die Ossewaens in 1938 geheers het, is die gees wat in die Ossewabrandwag heers.

Daardie piëteit waarmee Afrikaners in 1938 die volksverlede bejeën het, word weerspieël in die gehegtheid van die Ossewabrandwag aan die stelsel en instellings van ons grootse republikeinse verlede.

DIE VISIOEN

In 1938 het die volk 'n visioen van sy toekoms gesien.

Sedertdien probeer die Ossewabrandwag daardie visioen werklikheid maak.

Op 8 Augustus herinner die Ossewabrandwag elke Afrikaner aan die Wonderjaar en roep hy elke Afrikaner op om opnuut die ideale te bely wat die hele Afrikanervolk in 1938 so skouspelagtig getroetel het.

Op 8 Augustus 1950 doen die Ossewabrandwag sy twaalfde jaarlikse oproep.

„Ons sal antwoord op jou roepstem,
Ons sal offer wat jy vra.”

„Voortdurende Voeling”

Die Britse eerste minister, Clement Attlee, het in die Britse laerhuis verklaar dat hy „in voortdurende voeling met die Statebondregerings bly in verband met die Koreaanse aangeleentheid.”

Die onsigbare bande van die Empire!

BEAUFORT-WES HOU O.B.-DAG

Die offisiere en lede van die O.B. is druk besig om voorlopig geld op verskillende maniere in te samel vir 8 Augustus.

Die Beaufort-Wes- en Wes-Gamka-kommando's het besluit om D.V. op 12 Augustus O.B.-dag gesamentlik te vier, op Middelwater, die plaas van mnr. De Vries.

Daar sal allerlei soorte gebak ens. wees, en 'n baie genotvolle dag word verwag as gevolg van die samewerking van die verskillende kommando's.

Almal wat die Ossewabrandwag goedgesind is, is welkom.

KOMMUNIS SAL BRITSE ATOOMWERK INSPEKTEER: KLAAGLIKE WARBOEL IN „EMPIRE-MIDDELPUNT”

Die weë van die Britse leiers in hierdie gevaarvolle tye bly maar duister om te verstaan. Daar skyn nog geen heldere standpunt teenoor die Kommunisme te wees nie. Aan die een kant word met allerlei drastiese pogings teen Kommuniste opgetree, maar aan die ander kant word weer handjie gespeel met dieselfde politieke broeisels. Net soos die regering se beleid in die Ooste vol teenstrydighede is — byvoorbeeld erkenning van Stalin se Kommuniste in Sjina, maar steun aan die V.V.O. se stryd teen Stalin se Kommuniste in Korea — so ook krioel die binne-landse beleid van teenstrydighede.

Kort gelede het die ontdekking van 'n Kommunistiese spioen in die atoomnavorsingsinrigting groot verontwaardiging uitgelok. Die betrokke wetenskaplike, Klaus Fuchs, is tot 'n langtermyn tronkstraf veroordeel. 'n Tyd daarna het die Franse hul atoomhoof, prof. Joliot Curie, wat 'n uitgesproke Kommunist is, uitgeskop nadat hy brutaal verklaar het dat wetenskaplikes geen oorlog teen Rusland behoort te ondersteun nie.

Hierdie selfde Kommunist is nou deur die Britse owerheid uitgenooi om die regering se atoominrigting te Harwell te gaan bekijk. Op 7 September word 'n wetenskaplike konferensie oor atoomkrag in Oxford gehou, en na afloop daarvan sal die teenwoordiges 'n besoek aan die atoomnavorsingstasie bring. Behalwe prof. Curie is ook nog

verskeie Britse Kommuniste na die konferensie uitgenooi. As 'n gerusstellende versekering word aan die aankondiging toegevoeg dat geen wetenskaplikes uit Rusland of lande van agter die Ystergordyn uitgenooi is nie.

WEL AMPTENARE

Gelyktydig met hierdie berig het die pers in die vooruitsig gestel dat die Britse regering binnekort alle Kommuniste uit staatsbetrekkings waaraan geheimhouding verbonde is, sal skop. Die suiwering sal nie net die staatsdiens geld nie, maar ook alle kontrakteurs wat met regeringswerk belas is, sal versoek word om 'n versekering te gee dat hul werknemers politiek betroubaar is.

Daar word verklaar dat hoewel baie parlementslede ten gunste van 'n verbod op die Kommunistiese Party is, die kabinet nie daarvoor te vinde is nie, omdat hulle glo dat so 'n stap „die Kommunisme net ondergronds sal dryf.”

GEBREK AAN INSIG

Hierdie laasgenoemde standpunt van die Britse regering is slegs maar tiperend van die algehele gebrek aan insig in die werkinge en gevare van die Kommunisme wat vandag in Brittanje gevind word. Dat die grootste en gevaarlikste deel van die Kommuniste se bedrywighede reeds en veral ondergronds is, en dat die toevoeging van dié deel wat vandag meer waarde bogronds as ondergronds het — en juis daarom deur Stalin bogronds gehou word — die Kommunistiese bedreiging eerder nadelig as voordelig kan beïnvloed, word deur hierdie partypolitici nie begryp nie. Inhoudlose verskonings vir ge-

brek aan optrede word klakloos nageprewel sonder nadenke.

STATEBOND

En dit is hierdie politici wat die middelpunt vorm van die Statebond en wat deur „voortdurende voeling” ook Suid-Afrika se bydrae bepaal en uiteindelik onderskep ten behoeve van Statebondseenheid.

Dit is daarom dat die Ossewabrandwag sê dat wegbreking van die Britse Ryk noodsaaklik is sodat Suid-Afrika sy bydrae op internasionale gebied regstreeks kan lewer in samewerking met daardie volke wat 'n ope oog het vir die gevare wat die Westerse beskawing vandag bedreig.

Voorspel Bedreiging Vir Wol

Die moontlikheid dat wol eerlang kunsmatig vervaardig sal word, is deur 'n Australiese professor in skeikunde, dr. T. G. Hunter, uitgespreek.

„Natuurlike wol is die volgende op die lys wat vervang sal word deur 'n sintetiese produk, vervaardig deur petroleum”, het hy gesê. „Die Dupont-groep van die Verenigde State en die Imperial Chemical Industries is gevaarlik naby aan die punt om kunswol te vervolmaak. Die werklike vordering op hierdie gebied is 'n sorgvuldig bewaarde geheim, maar hulle het moontlik die stadium bereik wat nylon voor die oorlog bereik het.

Hy het daaraan toegevoeg dat kunswol beslis die gelyke van natuurlike wol sal wees.

HET TROEFKAART UITGEDEEL AAN STALIN

Onderstaande aanhaling uit 'n oorsig van die Londense korrespondent van Forward, spreek vir homself:

„Die Sowjet het 'n troefkaart wat Stalin met groot behendigheid gespeel het uit die kaarte wat Pandit Nehru uitgedeel het toe hy die Kremlin genader het met voorstelle vir vredesamsprekings. As gevolg van hierdie onderhandelinge het dit geblyk dat Stalin en Nehru verenigd is in die strewe om 'n middel te vind waardeur die doelpunt in die Veiligheidsraad opgeklaar kon word.

„Brittanje was ook bereid om hieraan deel te neem. Hy het kommunistiese Sjina erken, en sy diplomaat in die Verre Ooste het gewag gemaak van die

bewonderenswaardige hervormingsprogram en die verwydering van korrupsie wat plaasgevind het sedert die nederlaag van Tsjiang Kaisjek.

„Wat van meer belang is, Brittanje glo dat Mao (Kommunistiese leier) 'n moontlike tweede Tito kan wees en dat hy nie as die Kremlin se spreekbuis in Peking sal optree nie.

„Brittanje en die Verenigde State is oorhoop oor Sjina. Dit het uitgedaag op 'n lastige diplomatieke toestand oor Formosa wie se veiligheid deur Truman gewaarborg is en waarvan die Britte hulle gedissosieer het.”

Adel Verloor Grond Weens Belasting

Die Britse landedelmannes is besig om gelikwider te word weens hoë boedelbelasting, volgens 'n berig in Forward. Die een stuk landgoed na die ander word verkoop, hoofsaaklik deur die erfgenames om te kan opdok vir die sterfregte.

As voorbeelde word genoem die Harewood-familie wat verskeie landgoedere moes verkoop, en die Portman-familie wat 3,800 acres moes verkoop ten einde die £3½ miljoen aan sterfregte by te bring. Die grond was hul eiendom vir meer as twee eeue. In meeste gevalle word die grond onderverdeel en kom dit in die hande van kleinboere.

DIE O.B., WOENSDAG, 9 AUGUSTUS 1950

DIE AARDE WORD WEER BEWOONBAAR

Die terugkeer van koning Leopold na sy Belgiese troon en die brutale verset daarteen deur die linksgesinde elemente in die land is nie sonder betekenis vir die verguisde minderheid van Wêreldoorlog II nie — onder wie ook die Ossewabrandwag tel — terwyl die betekenis daarvan ook nie oor die hoof gesien kan word deur diegene wat nog nie in staat is om te onderskei tussen hul vyande van 1940 en hul vyande van 1950 nie.

Sonder om te wil beweer dat Leopold dieselfde oor-tuigings gehuldig het omtrent die oorlog as ons, sien ons in hom 'n verteenwoordiger van die anti-oorlogsgroep — al is dit dan maar net omdat hy deur die leiers van die oorlogsgesindes by daardie kamp ingedeel word. Vir vyf jaar lank is Leopold voorgestel as 'n verraaier van die Geallieerdes. Hy sou dan gemene saak met die Duitsers gemaak het, en so groot was die oorlogswede teen hom dat hy dit nog nooit kon waag om na sy vaderland terug te keer nie.

Wat presies Leopold se gevoelens tydens die oorlog was, weet ons nie. Hy self het byna tien jaar lank geswyg en dit was maar eers aan die einde van verlede jaar dat hy vir die eerste maal sy kant van die oorgawe teenoor die lesing van Churchill en Reynaud gestel het.

SOOS NOAG SE DUIF

Maar die betekenisvolle feit in die terugkeer van Leopold is dat die slinger van die geskiedenis besig is om terug te swaai na die normale posisie — ten spyte van die historiese verset van kommunistiese en halfkommunistiese elemente wat gerugsteun word deur bese politici wat bereid en selfs gretig is om elke verdelingsfaktor in 'n volk uit te buit terwille van stemme. Die oorlogshaat en -dwaasheid het sy keerpunt bereik en soos die duif van Noag met 'n takkie in die bek teruggekeer het as teken dat die aarde weer bewoonbaar begin word, al kon hy voorlopig nog geen rusplek vir sy voet vind nie, so is die terugkoms van Leopold 'n teken dat die Westerse wêreld weer tot sy sinne kom en dat diegene wat nie oorweldig was deur die vloed van dwase haat nie, eerlang weer vastigheid onder hul voete sal vind. Hoe kan dit ook anders? Die geskiedenis is besig om die waarskuwing van diegene wat teen die oorlog gekant was vandag met 'n onheilspellende gebrul te onderskryf. Ons, wat ons nie deur die propaganda en haat laat meesleep het nie, het gewaarsku dat Duitsland die enigste wal tussen Europa en die rooi barbare van Moskou is en dat die bondgenootskap met die Kommunisme slegs 'n groter bedreiging vir die Weste kan voorberei as wat die oorlogspropaganda teen Hitler in staat was om te skilder.

WORD ONTKLEE

Die manne wat met 'n hoonlag in die gesig van die Duitse volk Stalin uitgenooi het om die helfte van Duitsland te beset en die Duitse volk met die hamer en sekkel te „demokratiseer“, deins vandag in verskrikking terug vir hul handewerk. Die dade van 'n Churchill en Roosevelt is besig om hul eie skeppers luidrugtig uit te jou. Die helde van toe is besig om as naakte dwase voor die wêreld ontklee te word deur hul eie Frankensteins, en die dwase en verraaiers van toe is besig om omhoog te styg as die wyses; en die taak van laasgenoemdes sal al hoe meer belangrik word namate die vergelding wat uit die geskiedenis gedraai word, die misleide volke liggaamlik en geestelik pynig.

Ontwikkelinge in die nabye toekoms sal die een deur na die ander oopmaak vir die verguisde minderheid wat die dinge wat vandag gebeur, so duidelik voorsien het. En die toekomsgezigte wat hulle ook nog verder het, soos die noodsaaklikheid van hervorming op verskillende gebiede van die samelewing, staan nader aan verwesenliking as gevolg van hierdie kentering in die wêreld.

Aan die ander kant het die volksopruiling en die skud-ding aan die fundamente van die Belgiese staat getoon tot watter mate die ashoop van Westerse propaganda nog die magasyn vorm vir Moskou se onheilstigters, en die vraag behoort hom aan die Churchills en Reynauds op te dring of die tyd nie aangebreek het nie om die verroeste aantygings en vooroordele van die Tweede Wêreldoorlog nou in te ruil vir propaganda-wapens wat ingestel is teen die vyand van 1950 in plaas van teen die natuurlike bondgenote in die stryd teen die hoogs georganiseerde barbaardom wat die beskawing nog ooit bedreig het.

Agter Die Siegfriedlinie (2)

Hedin Se Boek Oor Nuwe Duitsland

Die skrywer bied 'n insiggewende kykie in die persoonlike verhouding tussen hom en sy invloedryke Duitse vriende met wie hy dikwels intiem verkeer het, dog teenoor wie hy nooit selfs 'n breukdeel van sy onafhanklikheid van gees en oordeel laat vaar het nie. Die verhaal van sy boek oor die Derde Ryk is welsprekend. Hier volg dit.

EERSTE AANRAKING MET HITLER

Hedin vertel dat sy eerste aanraking regstreeks met Hitler 'n telegrafiese was bestaande uit 'n gelukwensing van die Führer aan die skrywer ten tyde van laasgenoemde se veertigjarige herdenking op 16 Oktober 1933 van sy eerste ontdekkingstog na Sentraal-Asië en Tibet. 'n Tweede telegram het daarop later gevolg ook van dieselfde oord aan Hedin toentertyd te Nanking waar hy op 19 Februarie 1935 sy sewentigste verjaardag gevier het. Hierdie eerste punte van kontak het later geleidelik tot die persoonlike besoeke en briefwisseling waarvan ons outeur so interessant vertel.

EERSTE ONDERHOUD MET HITLER

Aan die begin van Oktober 1935 was Hedin in Berlyn op besoeke by Göring, aan wie hy deur die egpaar Von Rosen, swaer en skoonsuster van die Ryksmaarskalk, voorgestel was. Daar verneem hy toe van 'n afspraak om Hitler reeds dieselfde namiddag te ontmoet. Göring het alles reeds daarvoor in die haak gehad en om sesuur het Hedin Hitler se ontvangvertrek in die Rykskanselary betree.

Hitler se begroeting was hartlik asof dit die weerontmoeting met 'n ou vriend was. Hy het 'n fiere en manlike houding gehad en was liggaamlik kragtig en in verhouding ontwikkel. Hy het sy idees oor die Verdrag van Versailles, die toekoms van Duitsland en die doelwitte van sy Beweging helder en geesdriftig gestel. Nadat hy Hedin een en ander oor Asië uitgevra het, het hy gesluit met die uitgesproke begeerte om die gesprek by 'n latere geleentheid te hervat.

Hiervandaan het Hedin voortgegaan met twee lesings nog dieselfde aand in Berlyn — 'n verbasende vertoon van vitaliteit op sy leeftyd. By die gehoor was o.a. Göring, die Sweedse gesant, die Sjinese gesant, die voorsitter van die Genootskap vir Antropologie, die voorsitter van die Genootskap vir Aardrykskunde sowel as diverse andere edellui en hooggeleerdes. Na verloop van die byeenkomste het hy dieselfde aand as een van sy gaste aan die Hotel Kaiserhof dr. Walter Funk, staatssekretaris van die departement van propaganda, ontvang.

PLAN VIR BOEK ONTSTAAN

Hierdie bande met die maghebbers onder Hitler sowel as die grootste reisplan deur Duitsland met die hou van voorlesings oor sy wetenskaplike werk het Hedin so prikkend gevind dat hy dr. Funk gaan meedeel het dat hy dit oorweeg om 'n boek oor die Nuwe Duitsland te skryf. Hierdie voorstel is met applous ontvang.

HULP VAN DUITSE OORHEID

Die Duitse owerheid het 'n villa, 'n motor, bediendes, en 'n hoë amptenaar, dr. Ziegler, wat

sy navorsings en navrae in alle kringe en buro's moes vergemaklik, tot sy beskikking gestel. Hy kon na willekeur nywerheidsinrigtings soos I. G. Farben, arbeidskampe, jeugkampe, grondbewaringswerke, opvoedkundige instellings besoek.

Hierdie gulle aanbod is ten volle benuttig. Hedin vertel van onthale aan huis van generaal Von Seeckt, 'n offisier van die ou skool onder wie se gaste die hoof van die generale staf, genl. Beck, wat in 1944 na die aanslag op Hitler selfmoord gepleeg het, getel het; aan huis van die

POLEMIEK TUSSEN FUNK EN HEDIN

Funk erken wel dat die boek verbasend veel goeds vir Duitsland inhou en heelwat insiggewende kennis aangaande die Derde Ryk in die buiteland sal versprei. Hy weier egter uitgifte omdat sekere sake van staatsbeleid wat reeds as aanvaarde Duitse binnelandse beleid geld gekritiseer word en dergelike kritiek hoe goed ook al bedoeld onder geen omstandighede in Duitsland in die openbaar uitgespreek mag word nie. Dis interessant om te verneem dat Hedin se gewraakte kritiek die anti-Semitiese beleid, die kerklike beleid, die beleid ten opsigte van die jeug en ten opsigte van die wetenskappe gegeld het.

Hedin deel verder mee dat 'n paar Duitse koerantverteenvoerders die saak te hore gekom het en hom kom sien het. Hoewel hulle natuurlik geen verslag aan die publiek kon doen nie het hulle hom gesê dat miljoene Duitsers soos hy voel dog geen woord oor die saak kan rep nie. Talle hooggeplaasstes het hul simpatiek teenoor Hedin uitgelaat onder wie niemand minder nie as dr. Frick, ryksminister vir binnelandse sake in die Derde Ryk. Talle was verontwaardig oor die behandeling van die groot vriend van Duitsland. Nog meer: Hitler self het aan Hedin 'n hartlike persoonlike bedankingsbrief geskryf nadat laasgenoemde aan die Führer 'n eerste eksemplaar van 'n Sweedse onverbeterde uitgawe van die boek laat toekom het!

Nietemin het die Duitse uitgawe nooit verskyn nie.

EIENAARDIGE LIG OP REGIME

Die episode werp 'n eienaardige lig op sekere aspekte van die dinamiese dog in sommige opsigte onewewigtige bouwerk van die Hitler-regime. Dit belig swakhede wat later vererger het. Dit beklemtoon veral die wetenskaplike eerlikheid van ons skrywer wat na die stortvloed van huldebetuigings en amptelike gunste sy onvervalste opinies gegee het om die waarheid soos hy dit sien te weerstaan.

Sven Hedin se laaste verwysing na Funk, sy teenstander in die polemieke, is vervat in 'n kort paragrafie swanger met drama in sy enkele sin: „Met droefheid en afgryse moet ek nou verneem dat hy saam met ander „oorlogsmisdadigers“ in 'n sel wat vir geen menslike gebruik geskik is nie, te Spandau versmag.“

Deur J. de Vos

wapenmagnaat, Krupp von Bohlen zum Essen. Hy was die gevierde hoofgas op talle skitterende geleenthede. 'n Ontvangs deur dr. Gördel, hoofburgemeester van Leipzig, ook later as gevolg van die aanslag van 1944 opgehang, en 'n jeugfees deur die Ryksjeugleier, Baldur von Schirach gereël, is slegs twee voorbeelde van sulke feestelikhede. By die Elfde Olimpiade te Berlyn is hy uitgenooi om as verteenwoordiger van die buiteland die tradisionele wetenskaplike bydrae as redenaar te lewer. Hy het dan ook die aankoms van die Olimpiese vlam by die reuse-stadion bygewoon en met Germaanse deeglikheid oor „Die Rol van die Perd in die Geskiedenis van Asië“ die rede gevoer.

BOEK KRY GEDAANTE

Dan volg die terugkeer na Stockholm, die afwerking van die proewe en die voorlegging van die oorspronklike aan dr. Funk wat die verspreiding daarvan aan alle staatsondersteunde instellings wou aanbeveel. Dit was tensens een van die doelwitte van die vermaarde wetenskaplike om deur groot oplaes boeke oor meer gewilde onderwerpe die finansiële steun vir die suiwer wetenskaplike publikasies oor sy navorsingswerk te verseker. Hoewel die Sweedse Ryksdag reeds 'n bedrag op hul begroting aan hom toegesê het wou hy steeds meer fondse vir sy werk verkry.

Die aanbeveling van Funk sou dus 'n gesogte wees en was sekerlik verwag. Nou gebeur egter die onverwagte. In 'n uitgerekte private briewewisseling tussen Sven Hedin en Funk weier laasgenoemde om die boek in Duitsland ongewysig te laat uitgee en weier eersgenoemde om dit anders as presies soos dit geskryf is, die lig te laat sien.

BRAAIVLEIS-AAND

VRYDAG, 18 AUGUSTUS OM 7-UUR NM.

op die plaas van

Komdt. C. P. J. du Toit

HOUTBAAI, P.K. MALANSTASIE.

Alle offisiere, brandwagte en vriende word hartlik uitgenooi.

SPREKER: DR. F. D. DU TOIT VAN ZYL.

U word versoek om Komdt. Du Toit te verwittig per telefoon of andersins indien u die braaivleis sal bywoon.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 4 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

PRETORIUS.—Aan Canzuls en Eulalie 'n sussie vir Sonja en Paul op 31 Julie te Berghog, Paarl. 9/8/1

ALGEMEEN

Bergheim.—Vakansie-oord. Posbus Kroondal, Rustenburg. Tel. 1023, Rustenburg. Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binnevermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. K. J. H. Behrens. 2/8/5

BEESTE

Te koop. Jersey koele en verse: Skakel 6811, Wellington. Telegrafer Du Toit, Malanastale. 19/7/13B

VERVOERDIENS

Vir algemene karrewerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Grootte Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

KRY

LIEWER U

WINTER-
UITRUSTING

BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besook ons of skryf om Besonderhede.

Die Ossewabrandwag is die vesting vir die republikeinse strewe sowel wat vorm as inhoud betref: Ons soek uitwendige vryheid tesame met die herstel van die Afrikaner se eie staatsstelsel.

Hou hierdie vesting sterk deur middel van u geldelike hydrae wanneer u tans die twaalfde verjaardag van die Ossewabrandwag herdenk!

AS U DIT NIE DOEN NIE, WIE SAL?

SPEELSKEIE

Bottelskeie 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George. 26/7/8

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. A/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skiflers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg GRYSHAARWONDER, die jongste kunstmatige wereldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u, skadeloos, kleurloos, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49

Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurloos. Bevorder haregroei, verwyder skiflers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. G/4/6/50

BEHANDELING GRATIS.— Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 26/7/50/5

MARK AGENTE

Kamerade Aandag! As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darentoe af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings Bellingan, U.T.H., die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas. 19/4/TK

MEUBELS

MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentfies, stoetkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

Direkteure: P. W. J. van Heerden. P. G. van Heerden. Potgieterstraat 258, h/v Pretoriusstraat, PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuis-opwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pylare, Wapvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalframe, Verf, ens. 3/5/T.K.

Duitse Reaksie Op Korea Verg Westerse Aandag

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Met die vraagstuk Korea is 'n vraagstuk aan die orde gestel waarvan die oplossing van uitermate groot, selfs beslissende betekenis kan word. Dit vorm deel van die lang ry skokmetodes van die Sowjet — 'n proefneming wat binne die kader van hul Marxisties-leninistiese strategie 'n belangrike rol speel, en wat sonder twyfel uitstekende gegewens verstrek omtrent die teenstander se fisieke en geestelike gesteldheid. Die bekende polities-propagandistiese skokbehandeling van die afgelope jare is nou nog deur militaristies-ontploffbare spanninge versterk, wat Korea stellig tot die ernstigste van hierdie proefnemings maak.

Vir die Sowjet is die stryd in Korea niks meer en niks minder nie as die stelselmatige gevolg van die Kommunistiese denkwysse en 'n uitslag wat „logies” en „histories” noodsaaklik was. By diegene wat nog steeds geglo het dat dit moontlik was om deur middel van toegewings die denkproues van mekaar te skei, het die skok Korea dan ook die verrassing verwek wat die agterwaartse verbindings van die Koreaanse aggressors vir hul doelstellings noodsaaklik ag.

DUITSLAND

In Duitsland was die reaksie op die Koreaanse skok stellig nie so as wat die here Kommuniste verwag het nie. Dit blyk die beste uit die toespraak van president Pieck in Oos-Duitsland. Hy het skerp kritiek uitgespreek teenoor die Wes-Duitse Kommuniste, veral Herman Nuding, sekretaris van die Wes-Duitse Kommunistiese Party, wat nou uit die party geskop is. Nuding het naamlik getwyfel of 'n propaganda-veldtog vir die „vrede” wat Pieck op tou wou sit, in Wes-Duitsland sukses sou hê.

Dit was te verwag dat die bedrywighede van die rooi agente in die afgelope weke hier voelbaar toegeneem het. Die aanstaande verkiesings van die „Volksduitse Republiek” moet voldoende en met alle beskikbare middele voorberei word, en aan die Kommuniste 'n sublieme kans gegee word om Berlyn en vervolgens Wes-Duitsland in hul hande te kry. Die skok Korea was sonder twyfel ook daarop gemik. Veral daar die in twee gebroke Korea elkeen hier aan dieselfde gevaar sou herinner.

DIE VERSKIL

Maar hierdie dreigende vergelyking met Korea hou nie heeltemal stand nie. Daar bestaan nog 'n opmerkingswaardige verskil tussen Duitsland en Korea, en dit is die „gemeenskaplike weg” wat die Duitse volk met die Sowjet en sy Kommunistiese volgelinge bewandel het. Daarvoor het te veel hier 'n te goeie kyk in die Kommunistiese „strategie” en in sy heilmetodes gekry. Dit is veral die rede waarom die skok Korea nie die

uitwerking in Duitsland gehad het wat die Kommunistiese volgelinge in die Volksrepubliek verwag het nie. Sedertdien klink die propaganda-konsert uit die Volksrepubliek nog 'n paar oktawes skiller as gevore.

VERTROUE

Hoe die Duitse volk oor die Koreaanse vraagstuk voel, blyk uit hul gesprekke. Onmiskenbaar speel die 27ste Junie daarin 'n belangrike rol — die dag toe Amerika verklaar het dat hy troepe na Korea sou stuur. Daaraan wou weinig mense hierlangs geloof geheg het. Die vertroue wat die Amerikaners sedertdien hier gewen het, is nie gering nie en sal hom seker in die toekoms laat voel.

In die veelheid van indrukke staan telkemale weer die vraag: „Waarom staan die Amerikaners alleen in Korea, waarom help die ander V.V.O.-lede nie?”

PARTISANE

Daar word ook gepraat oor die gevaar van die partisanoorlog en die deur die Sowjet

met welslae gehandhaafde insydelingsmetode — dieselfde taktiek waarmee die Noord-Koreaners in die suide van Korea steeds verder indring.

In 'n land wat deur die Amerikaanse lugaanvalle so swaar geteister is en wat bowendien deur die rampsalige Potsdam-verdrag onder vier besettingsmagte verdeel is en van wie die bevolking by miljoene uitgedryf en jarelank deur die Neurenburg-wet gestraf en vervolgd is, sou dit menslik begryplik gewees het as 'n gevoel van voldoening sterker sou gewees het as die begrip en meegevoel vir hulle wat met alles wat die oorwinnaar tot beskikking was, so 'n katastrofale vonnis uitgespreek het oor hulle. Dat dit nie die geval is nie, is die beste rehabilitering wat die Duitse volk kan vind.

Indien dus die besettingsmagte die reaksie op Korea hier net so oplettend en noukeurig registreer as wat dit sonder twyfel in die Kremlin gedoen word, sal dit kan lei tot 'n beter verstandhouding as wat dit totnogtoe die geval was.

WORD VASGEKETTING AAN MISDADIGERS

Behandeling Van Oorlogsgevangenes

Baie duisende van die laer range in die Duitse leër word nog steeds aangehou in 'n groot kamp by Esterwege/Oldenburger, in die Britse besettingsgebied, skryf die redakteur van die Independent Nationalist.

„Ek is gesaghebbend meegeel dat hierdie manne nie deur die Britse gesagsdraers onderskei word van die laagste misdadigers nie. Daar word beweer dat oudsoldate saamgehoek en dikwels vasgeketting word aan misdadigers, perverte en al die internasionale wetsoortreders van na-oorlogse Duitsland.

„Ten spyte van teenvoorstelle het die Britse militêre owerheid uitdruklik beveel dat politieke en militêre gevangenes nie in afsonderlike kampe aangehou moet word nie, maar dat hierdie

manne, wie se enigste „misdad” was dat hulle vir hul land geveg het, saam met veroordeelde misdadigers moet werk en die klere van veroordeeldes moet dra. Die geïnterneerde soldate word nie vir hul dwangarbeid betaal nie, word my meegedeel, maar hulle moet 1½ mark per dag betaal vir hul onderhoud!

ANDERS

„Toestande verskil in die verskillende besettingsgebiede. In die Amerikaanse gebied word die politieke en militêre gevangenes, na verklaar word, beter behandel as in die Britse gebied. Die manne word nie as misdadigers beskryf of behandel nie en kan betaling ontvang vir hul dwangarbeid. Hulle is in staat om hul gesinne op geringe wyse te ondersteun en word toegelaat om pakkette te ontvang. By hul loslating word hulle nie as „voormalige veroordeeldes” geregistreer nie, soos dit die geval skyn te wees in die Britse gebied.”

Voortgaande word verklaar dat die spesiale howe (Spruchkammern) baie duisende soldate tot „skandelijke lang termyn” veroordeel het onder uifers verdagte omstandighede.

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

VOORRAAD BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

OPPOSISIESTELSEL MOET EERSTE ONGEVAL WEES IN STRYD TEEN ROOIES

In sy toespraak in Bloemfontein het min. N. C. Havenga in verband met die gunstige wending van ons land se ekonomiese toestand as volg na die opposisie verwys:

„Die werk van die regering in hierdie verband is natuurlik nie aangehelp deur die opposisie nie. **HULLE HET TEN VOLLE GEBRUIK GEMAAK VAN HUL REG OM ONS PAD MOEILIKER TE MAAK.** Daar is selfs nie alleen gehoop nie, maar daarop staatgemaak dat hierdie ekonomiese en geldelike moeilikhede nie oorkom sou word nie en die regering tot 'n val gebring sou word.”

In verband met die Kommuniste het min. Havenga gesê:

„Wat die Kommuniste betref, erken elkeen in meerdere of mindere mate die gevaar wat dit inhou, en tog is die eienaardige ondervinding belewe dat die maatreël wat tans in die wetboek is, stap vir stap deur die amptelike opposisie en hul medewerkers in die parlement bestry is.”

'n Bietjie verder in sy toespraak het die Minister, nog steeds in verband met Kommuniste, verklaar:

„Geen land wat stappe in die verband gedoen het, het dit nog moontlik gevind om met die vraagstuk te handel sonder om in sekere mate af te wyk van alomerkende en geëerbiedigde demokratiese opvattinge nie.”

MEER AS EEN

Daar is natuurlik nie net een soort demokrasie nie, net soos daar nie net een soort motor-kar is nie. Die feit dat 'n Amerikaanse motor verskil van 'n Britse motor en 'n Afrikaanse motor — indien ons 'n eie ontwerp sou maak — beteken nog nie dat net die Britse fabriek 'n motor is en die ander sleë of vlotte nie. Dit is daarom net so onsin om te wil voorgee, soos baie mense doen, dat daar net 'n Britse vorm van demokrasie is waarin daar juis 'n „amptelike opposisie” moet wees. Teenstanders van die Ossewabrandwag — en ongelukkig sluit dit nasionale Afrikaners in — is lief om hierdie element van „amptelike oppositieskap” as die toets vir die demokrasie te beskou.

KWAADAARDIG

In bogenoemde aanhalings uit min. Havenga se toespraak word die kwaadaardige werking van die „amptelike opposisie” aan die kaak gestel. Mnr. Havenga verklaar dat die opposisie „ten volle gebruik maak van hul reg om ons pad moeiliker te maak.”

Onder die Britse stelsel van demokrasie is dit dus 'n alomerkende reg om die weg van die regering moeilik te maak. In hierdie pligsvervulling het die opposisie nie net gehoop dat die regering sou val nie, maar daar is ook staatgemaak op die toenemende ekonomiese ellende om die regering tot 'n val te bring.

IN DIE KOL

Hierdie verwyt van min. Havenga tref in die kol. Almal weet hoe opposisie-leiers verkondig het dat Suid-Afrika voor 'n depressie staan en hoe buitelandse beleggers daardeur afgeskrik is. Die opposisie se optrede het dus nie net by 'n hoop op 'n ekonomiese instorting wat die regering tot 'n val sou bring, gebly nie, maar hy het aktief meegewerk om daardie instorting teweeg te bring sodat hy op die ekonomiese puinhoop van die land soos 'n naguil sy heerskappy kon uitkruun. Partybelang word so 'n magtige faktor in hierdie politieke wedstryd wat deur antieke Britte uitgedink is, dat 'n party bereid is om 'n volk dodelik krank te maak in die hoop dat hy uiteindelik op die dooie liggaam sal kan aas in die kortstondige tydperk wat Kommunistiese ontbinding vooraf sal gaan.

Almal Wat Gely Het Tydens Oorlog

Mnr. O. L. Nel, Sekretaris Bond van Oud-geïnterneerdes, skryf:

Dit het al so dikwels in die verlede gebeur dat belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Boerevolk, wat vir die nageslagte bewaar moes word, nooit op skrif gestel was nie en aldus het daar leemtes in ons volksgeskiedenis gekom wat hedendaagse historici moeilik vind om aan te vul. Die Bond van Oud-Geïnterneerdes is reeds besig om die ervaringe van politieke gevangenes en geïnterneerdes in 'n boek saam te stel, maar 'n raadgewer van die Bond, wat ook 'n bekende Suid-Afrikaanse historikus is, gee 'n wenk dat ons 'n tweede band moet uitgee, bevattende 'n reeks verklarings van persone wat gedurende die oorlogsjare 1939—1945 vervolgd of leed aangedoen is of gely het. Ons raadgewer skryf:

„As u dit sou doen sal u eenvoudig 'n diens aan ons volk bewys wat van onskat-

bare waarde is en as bronnepublikasie van dié aard ongewaard in ons geskiedenis kan wees . . .”

Ons wil sy raad aanneem en derhalwe maak ons deur middel van u geëerde blad 'n oproep op dié deel van die Boerevolk wat werklik gely het om ons van die nodige materiaal te voorsien.

Die Bond is 'n nie-politieke organisasie en as daar enige winste uit die verkoop van die boeke kom sal dit soos later besluit word, aan 'n organisasie wat die kulturele belange van die Boerevolk bevorder, geskenk word. Die oorspronklike verklarings sal in die Transvaalse Argief bewaar word.

Ons sal dus baie dankbaar wees as al die manne, vroue of kinders wat leed aangedoen is met ondergetekende vir verdere besonderhede in verbinding tree na onderstaande adres:

O. L. NEL,
„Middleton”,
Greytown, Natal.

Want hierdie leiers van die opposisie weet net so goed soos elke skoolhoër-seun dat ekonomiese ellende die dampkring is waarbinne die Kommuniste tot wasdom kom.

STAAN IN PAD

Maar nie alleen noop die opposisie se „plig en reg hom om die toestande te help skep wat Kommunistiese verowering ryp maak nie, maar dit is ook sy reg en plig om die regering se weg moeilik te maak wanneer stappe van owerheidsweë gedoen word om die Kommuniste in die ban te doen of minstens te bekamp. Want toe wetgewing vir dergelike mag ingedien is, het die opposisie dit „stap vir stap in die parlement bestry.”

HOE KAN DIT?

In hierdie tyd wanneer die hele beskaafde wêreld hom aangord vir die stryd teen die Kommuniste, het ons dus die verskynsel dat die regeringstelsel wat vir 'n groot deel met die stryd belas is, binne in hom 'n element bevat wat die toestande vir Kommuniste begunstig, en aktief optree om te verhoed dat doelmagtige stappe teen die gevaar gedoen word.

Hoe kan met hierdie middel ooit doeltreffend teen die Kommuniste opgetree word?

GROOTSTE STRUIKELBLOK

Is dit nie duidelik dat die vraagstuk van amptelike oppositieskap — dit wil sê die Britse instelling dat daar 'n amptelike en betaalde organisasie binne die staat moet wees wie se taak en reg dit is „om die pad van die regering moeilik te maak” — die belangrikste struikelblok is wat eers uit die weg geruim moet word nie?

En as dit noodsaaklik bevind is, soos min. Havenga verklaar, dat die Kommuniste alleen doeltreffend beveg kan word deur „in sekere mate af te wyk van alomerkende en geëerbiedigde demokratiese opvattinge”, is dit nie wenslik dat daar alereers van hierdie onsinige Britse demokratiese opvatting afgewyk moet word nie?

„AMPTELIKE” BOEIE

Dit is tog immers onmoontlik om 'n geslaagde stryd te voer teen 'n vyand wanneer jy jouself met „amptelike” boeie bind.

En hierdie boeie kan afgewerp word sonder om af te wyk van die ware beginsels van volksregering, deur slegs terug te keer tot die opvattinge van die Afrikaner soos toegepas in ons eie republieke.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

DUIKBOTE MET ATOOMKRAG

Die Amerikaanse kongres het verlede week planne vir atoomwapens goedgekeur wat meer as £120 miljoen sal beloop. Dit sluit onder meer duikbote in wat met atoomkrag aangedryf word.

Soos verstaanbaar is, is dit die modernste ontwikkeling op die duikbootgebied. Atoomkrag word gebruik om stoom op te wek wat 'n turbine aandryf. Die voordeel daaraan verbonde is dat die vaartuig veel minder geraas maak as die wat met dieselmotore werk, dat dit vinniger onder water kan beweeg as selfs op die oppervlakte, terwyl dit 'n onbeperkte afstandsvermoë het.

Of die Russe dit al so ver gebring het met hul duikbote, is onbekend, maar wat nie onbekend is nie, is dat die Russe op die gebied van atoomkrag blykbaar verder gevorder het as die Amerikaners. Hul navorsing is nie net gesteun deur die kennis van Duitse gevangenes nie, maar deur hul uitgebreide spioenasiediens is daar feitlik geen noemenswaardige atoomgeheim in die Weste wat nie tot hul beskikking gekom het nie. Die Weste daarenteen het geen inligting omtrent ontwikkelinge agter die Ystergordyn nie.

Daar word in elke geval gevrees dat die Russe duikbote het — Duitse ontwerpe wat die Geallieerdes hulle laat toekom het in 1945 — wat in staat is om vir onbepaalde tyd onder water te bly en om atoombomme af te vuur.

Vreemde duikbote is in die afgelope week in die nabyheid

van Australië en Nu-Seeland opgemerk. Voorheen is berig van duikbote wat in die nabyheid van Kanada en die Panama-kanaal gesien is.

Verskoning Vir 'n Telegram

Daar sal stappe gedoen word teen 'n posbeampte wat 'n telegram van mnr. Robey Leibbrandt aan mnr. Sam Kahn, L.V., laat toekom het, verklaar die Minister van Poswese, mnr. F. C. Erasmus, in 'n brief van verskoning aan mnr. Kahn.

Die betrokke telegram het gelui: „Ons weet dat Kommuniste alleen uitgeroei kan word deur die vervlakste Jode aan die kaak te stel.”

In sy brief verklaar die Minister dat hy ondersoek laat instel het na die voorval en dat dit toegeskryf moet word aan die onoordeelkundige optrede van die klerk wat die telegram ontvang het. „Gepaste stappe sal teen die betrokke beampte gedoen word en ek wil graag my spyt uitspreek oor die voorval.”

DIE JAAR 1906

ALLE SIGARETTE HET BESTAAN UIT

100% INGEVOERDE
TABAK

DIE JAAR 1950

SPRINGBOK-SIGARETTE BESTAAN UIT

100% SUID-AFRIKAANSE
TABAK

Danksy
PIONIERSWERK

deur die vervaardigers van

SPRINGBOK
Die Nasionale Sigaret

